ZAMBESI TENNISKLUB - JUNIOR KAMPIOENSKAPPE 2018
ALGEMENE WEDSTRYDREëLS

Kinders wat 13 jaar en jonger is in 2018 mag inskryf

1. **Slegs lede wie se kampioenskap- en ledegelde tot op datum betaal is, se inskrywings sal aanvaar word. Geen inskrywingsgeld sal na aanvaarding terugbetaalbaar wees nie en die onus berus by u kampioenskap- en ledegeld situasie vooraf vas te stel. Inskrywings plus betaling moet Danie Strydom teen 31 Januarie 2018 bereik. Die inskrywingsgeld moet saam met die lidmaatskapsgeld aan die klub oorbetaal word. Inskrywingsvorm moet aan Danie Strydom gestuur word.**

2. Die kampioenskappe vir die Juniors sal plaasvind by Zambesi Tennisklub vanaf **Saterdag 3 Februarie 2018 en 17 Februarie 2018** vanaf 13:00 tot klaar **of soos geskeduleer**. **Ons sal poog om Saterdag 3 Maart 2018 klaar te maak met alle wedstryde en die finale dan af te handel. Die Minitennis sal dalk op ander dae en tye gespeel word afhangende van die hoeveelheid inskrywings.**

3. Wedstrydbepalings sal deur e-pos bekend gemaak word. **Danie Strydom kan gekontak word vir enige navrae. Selnommer 0827792431; Epos daniestrydom@lifestylec.com Tennistoerusting en algemene inligting www.lifestylec.com**

4. Tennisreëls soos neergelê deur TSA geld vir alle kampioenskapswedstryde.

5. Aansoek om **onvoorsiene verskonings** sal op meriete deur die komitee oorweeg word.

6. **Juniors wat in 2018, 13 jaar of jonger is kan deelneem aan die junior klub kampioenskappe wat deur die klub se tennisafrigters gereël word.**

7. Wedstryde kan op Saterdae oggende/middae beslis word. Die geskeduleerde wedstryde sal vooraf met almal gekommunikeer word. Wedstryde kan ook onderling **gedurende die week** geskeduleer word waar wedstryde vir ’n aanvaarde rede nie op ’n Saterdag afgehandel kon word nie.

8. Lede wat vyftien (15) minute na die geskeduleerde aanvangstyd vir ’n bepaalde wedstryd nog nie opgedaag het nie, sal die betrokke wedstryd tesame met die inskrywingsgeld verbeur.

9. As gevolg van tydsdruk kan geen herskedulering van wedstryde waar beserings opgedoen word tydens ’n wedstryd, verleen word nie. ’n Maksimum van 10 minute beseringstyd sal toegelaat word.

10. **Die formaat van wedstryde bepaal n.a.v. die getal inskrywings.**

11. Geen skeidsregters sal voorsien word nie. Tref u eie reëlings tydig indien u ’n skeidsregter sou verlang.

ZAMBESI TENNISKLUB - JUNIOR KAMPIOENSKAPPE 2018
INSKRYWINGSVORM

NAAM: .....……..
TELEFOON: .....…… (SEL) / .....…...…….....…… (LANDLYN)
E-POSADRES: .....…..... KLUB: ……..

SLUITINGSDATUM: 31 Januarie 2018
AANVANGSDATUM: Saterdag 3 **Februarie 2018 en 1**7 **Februarie 2018 vanaf 13:00 tot klaar of soos geskeduleer. Ons sal poog om Saterdag 3 Maart 2018 klaar te maak** met alle wedstryde en die finale dan af te handel**.**

ITEM:		**OMKRING:**				**FOOIE:**
ENKELS						
Seuns Junior OPE	:	JA/NEE	:	**********	:	R25-00
Seuns O/11	:	JA/NEE	:	**********	:	R25-00
Seuns O/9 Oranjebal	:	JA/NEE	:	**********	:	R25-00
Dogters Junior Ope	:	JA/NEE	:	**********	:	R25-00
Dogters O/11	:	JA/NEE	:	**********	:	R25-00
Dogters O/9 Oranjebal	:	JA/NEE	:	**********	:	R25-00
Seuns en Dogters O/7 Minitennis	:	JA/NEE	:	**********	:	R25-00

LET WEL:
Junior Ope Ouderdom - 13 jaar en jonger in 2017
O/11 Ouderdom – 11 jaar en jonger in 2017
O/9 Oranjebal Ouderdom – 9 jaar en jonger in 2017 (Kinders moet kan dien en oor die net speel)
Minitennis Rooibal - 7 jaar en jonger in 2017

Totale kampioenskap gelde: R .....

Ek aanvaar die algemene wedstryd- en kampioenskap reëls as bindend. ek besef die komitee mag reëls eensydig wysig na gelang van inskrywings per item.

....
HANDTEKENING DATUM